HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK
Jaareinde 2009

Ek wil graag met die woorde van Ralph Emmerson hierdie jaar afsluit: "*Die beloning vir iets wat jy goed gedoen het, is dat jy dit gedoen het*" Met al die prestasies wat ons vanjaar behaal het, is die blywendste prestasie die oorwinning oor onsself. Wie dit eenmaal gesmaak het, sal selde 'n nederlaag ly. In nederige dankbaarheid gee ons alle eer aan ons Hemelse Vader vir nog 'n jaar van voorspoed. Dit was weereens vanjaar 'n besondere voorreg om geassosieerd te wees met 'n unieke groep ouers, ondersteuners, onderwysers en leerlinge van die Hoërskool Jan van Riebeeck.

Belangrike datums:

1	2009 Des-afen rapport uitdeling	**08.12.2009**	18:00
2	Matriekuitslae	**07.01.2010**	12:00
3	Skoolhoof en administratiewe personeel op kantoor	**06.01.2010**	09:00
4	Boeke- en klerewinkel open Klerewinkel / Boekeverkope Nie-departementele leenboeke	**06.01.2010**	08:00 – 14:00
5	Kabinet en H.K.'s vergader	**07.01.2010**	08:00
6	Graad 8-oriëntering	**08.01.2010**	09:00
7	Skole heropen vir onderwysers	**11.01..2010**	
		Personeelontbyt	08:30 – 09:30
		Matriekuitslae	09:30 – 10:00
		Personeelvergadering	10:30 – 14:00
		12.01.2010	
		Personeelvergadering	08:00 – 12:00
		Akademiese voorbereiding	12:00 – 14:00
8.	Skole heropen vir leerlinge	**13.01.2010**	
		Saalbyeenkoms	08:00 – 09:00
		Klasindeling en lysting	09:30 – 10:30
		Roosters / boekkontrole	10:30 – 11:30
		Akademiese Registrasies	12:00 – 14:00
9	Skeepsvergaderings	**14.01.2010**	08:00 – 10:00
10	Ko-Kurrikulêre Registrasies	**14.01.2010**	12:00 – 14:00
11	Roostertoets Gr. 9 - 12	**15.01.2010**	Dag 1 - 3
12	Graad 12-kamp	**20.01.2010 – 22.01.2010**	14:00
Raadpleeg ouerhandleiding-kalender vir verdere datums			

Boeke- en Klerewinkel: Die klere- en boekewinkel is vanaf 06 Januarie 2010 (08:00 – 16:00) tot Dinsdag 12 Januarie 2010 oop. Alle aankope is streng kontant. Die skool verwag van sy leerlinge om alle boeke en skooldrag voor Vrydag, 15 Januarie 2010 aan te koop. Die klerewinkel verkoop slegs unieke Jan van Riebeeck-skooldrag, algemene items moet by klerewinkels van u keuse gekoop word. Raadpleeg asseblief u ouerhandleiding vir korrekte aankope. Die skool ontvang ook graag skenkings waarmee ons meer behoeftige leerlinge kan help, hierdie is 'n gulde geleentheid om ander te bemagtig.

Fooie betaalbaar: Tydens die begrotingsgoedkeuringsvergadering van 19 November 2009 het die ouers van die Hoërskool Jan van Riebeeck die 2010 begroting en regulasies goedgekeur. Ouers moet asseblief kennis neem van die volgende belangrike begrotingsinhoud:

1. **Skoolfooie**

- R11 880 jaarlikse vooruitbetaling betaalbaar voor 31 Januarie 2010
- R3 300 kwartaallikse betaling, betaalbaar op die eerste dag van elke kwartaal
- R1 200 maandelikse debietorder oor 11 maande (1 Februarie 2010 – 1 Desember 2010)

2. **Koshuisfooie:**
- R15 000 jaarliks vooruitbetaalbaar voor 31 Januarie 2010
- R3 750 kwartaallikse betaling, betaalbaar op die eerste dag van elke kwartaal

3. **Gasvryheidstudiefooie:**
- R1 440 jaarliks vooruitbetaalbaar voor 31 Januarie 2010
- R360 kwartaallikse betaling, betaalbaar op die eerste dag van elke kwartaal
- R120 maandelikse debietorder oor 11 maande (1 Februarie 2010 – 1 Desember 2010)

4. **Busfooie:**
Elwierda.com: R5 800 per jaar / R1 450 per kwartaal (By die skool betaalbaar)
Jacobs: R4 800 per jaar / R1 200 per kwartaal (By die skool betaalbaar)
H.G. Travelling: R5 800 per jaar / R1 450 per kwartaal (Direk aan die kontrakteur betaalbaar)

ELWIERDA.COM	**H.G. TRAVELLING**	**CHARITA CHARTER SERVICES**
(Westelike voorstede)	(Suidelike voorstede)	(Vredenburg)
Posbus 8338	Plantasiew eg 11	Petrelsingel 3, Robinvale
ROGGEBAAI	WETTON	ATLANTIS
8012	7780	7349
Kantoor: 0861001094	**Kantoor: 021 797-8412**	**Kantoor: 021 553-4419**
		Me. Adéle v.d. Merwe 0845534414
		Busbestuurder: Charles 0783727070

5. **Kwytskelding van skoolfooie:**
Wanneer die gesamentlike bruto-inkomste van 'n huishouding minder as 10 x die jaarlikse skoolfooie (R132 000.00 p.j.) is, kan die ouer aansoek doen om gedeeltelike kwytskelding van skoolfooie. Kwytskeldings word egter nie outomaties toegestaan nie, ouers moet aansoek doen om kwytskelding. Aansoeke om kwytskelding sluit op 15 Januarie 2010 en is slegs van toepassing op skoolfooie. Indien u nie op u herregistrasievorm aansoek gedoen het om kwytskelding nie, moet u aansoek doen op die aangehegde vorm. U gesamentlike bruto-inkomste moet beëdig word deur 'n kommissaris van ede.

6. **Departementele handboekverhuring:**
'n Basiese huurtarief van R20.00 per handboek word gehef om handboeke te herstel en/of die kostes verbonde aan tekorte te verhaal. Hierdie verhuringskoste sal saam met die eerste kwartaal van 2010 se skoolfooie gehef word.

7. **Agterstallige fooie:**
Alle agterstallige fooie sal met voorafkennisgewing aan die ouers, aan die skool se prokureurs op 11 Desember 2009 oorhandig word vir invordering. Ouers is verantwoordelik vir regskostes voortspruitend uit oorhandigings. Alle invorderings deur die prokureurs word direk aan hulle betaal en nie by die skool inbetaal nie.

8. **Direkte inbetalings en debietorders:**
Betaling van skool-, koshuis- en vakfooie moet verkieslik op debietorders gedoen word vir u gerief en beter kontrole deur die skool. Alle fooie moet gesamentlik op een debietorder betaal word. In hoogs uitsonderlike gevalle word direkte elektroniese inbetalings toegelaat mits die inbetaling duidelik omskryf word (bv. J. Spies/skoolfooie) en per faks aan die skool bevestig word.
Direkte inbetaling by: ABSA, Adderleystraat / Tjekrekeningnommer: 0360420035 / Takkode: 632005

Selfone: Soos by alle skole ondervind ons skool ook geweldige probleme rakende selfone.
- Selfone word misplaas of word gesteel.
- Leerlinge gebruik selfone gedurende akademiese lesure.
- Leerlinge neem selfone in eksamenlokale in wat aanleiding gee tot oneerlikheid.
- Leerlinge ontvang en stuur onbehoorlike boodskappe gedurende die skooldag.

Die skool wil net weereens die beleid rondom selfone duidelik aan ouers en leerlinge stel.

- Selfone moet in die binnesak van die skoolbaadjie wat met 'n ritssluiter deeglik toemaak, gehou word. Selfone in sportsakke mag nooit onbewaak gelaat word nie en liefs tydens ko-kurrikulêre lesure in 'n lokaal toegesluit wees.
- Selfone moet afgeskakel wees gedurende akademiese ure (08:00 - 14:15). Geen selfoonoproepe of boodskappe word tydens die volle akademiese dag toegelaat nie.
- Leerlinge moet asseblief nie selfoonoproepe maak in die publiek nie, sodanige optrede is 'n ope uitnodiging aan misdadigers.
- Geen selfone word toegelaat in eksamenruimtes nie. Selfone moet in- en uitgeteken word by toesigpersoneel.
- Hoërskool Jan van Riebeeck kan nie verantwoordelik gehou word vir selfone wat wegraak of gesteel word nie.
- Enige oortreding van bogenoemde reëls rakende selfone sal daartoe lei dat selfone afgeneem word en kan aan die einde van die akademiese dag by die skoolhoof opgeëis word.

Addisionele vakke Gr. 10-12

Agtste vakke: Hoërskool Jan van Riebeeck fasiliteer eksamens en registrasies vir Musiek, Frans en Duits. Hierdie vakke word as addisionele vakke op Maandae tot Donderdae in die utiliteitslesure en tussen 14:00 – 15:00 onderrig deur dosente wat nie op die betaalstaat van die Hoërskool Jan van Riebeeck is nie. Ouers is verantwoordelik om hierdie dosente volgens geslote kontrak self te besoldig. Addisionele vakke moet by die skool geregistreer word sodat uitslae van hierdie vakke op rapporte kan verskyn.

Appèl teen bevorderingsbesluit: In gevalle waar ouers wil appelleer teen 'n bevorderingsbesluit van die Hoërskool Jan van Riebeeck en die Wes-Kaapse Onderwysdepartement waarvolgens 'n spesifieke leerling sy/haar akademiese jaar moet herhaal, moet dit skriftelik voor 8 Desember 2010 doen. Die skoolhoof sal op appèlle reageer binne 5 werksdae van ontvangs van die appèl. Ouers kan eers binne 5 werksdae na die OBOS appelleer nadat u appèl nie by die skoolhoof geslaag het nie. Die uitspraak van die direkteur van die OBOS is finaal.

Nuwe inskrywings (Gr. 8 – 11): Alle skole in Suid-Afrika is verplig om leerlinge te registreer op 'n data-basis van die Nasionale Onderwysdepartment. Geen registrasie is egter moontlik sonder 'n gekodeerde oorspronklike oorplasingsvorm van die vorige skool nie. Nuwelinge moet met die eerste skooldag sodanige oorplasingsvorm inhandig ten einde te registreer by die Hoërskool Jan van Riebeeck, geen registrasie sal plaasvind sonder die oorspronklike oorplasingsvorm nie.

Koshuisinname 2010:

Gr. 8 leerlinge: Aan die einde van die Graad 8-kamp op 10 Januarie 2010 word graad 8-leerlinge toegelaat om huis toe te gaan, maar kan ook aanbly in die koshuis tot die algemene registrasie by die onderskeie koshuise vir al die leerlinge op 12 Januarie 2010 vanaf 14:00. Beide koshuise bied 'n verwelkoming vir ouers aan op 12 Januarie 2010 tussen 14:00 en 18:00.

Gr. 9 – 12-leerlinge: Koshuisregistrasie vind op 12 Januarie 2010 tussen 14:00 en 18:00 plaas. Slegs leerlinge wie vooraf aansoek gedoen het en alle rekeninge in 2009 vereffen het, mag registreer.

Artikel 18A Belastingtoegewings: Die belastingwet van Suid-Afrika maak voorsiening om tot 3% van u totale inkomste in die belastingjaar (2009/2010) af te skryf met 'n donasie aan die Hoërskool Jan van Riebeeck. Met sodanige donasie ontvang u 'n Artikel 18A-kwitansie wat u insluit by u belastingopgawe. Hierdie is die enigste manier waarop u seggenskap het oor u belasbare inkomste en die skool daarby baat deur fondse te bekom om broodnodige ontwikkeling van fasiliteite tot voordeel van u kind te doen. Voltooi asseblief die aangehegde Artikel 18A aansoekvorm en besorg dit met u donasie aan Hoërskool Jan van Riebeeck voor 28 Februarie 2010. Die skool sal onmiddellik na ontvangs van u donasie u artikel 18A-kwitansie uitreik.

ARTIKEL 18A DONASIE					
Volle name en van					
Identiteitsnommer					
Belastingnommer					
Volledige posadres			**Huisadres**		
Landlynno:		**Selnommer**		**E-pos adres**	

Die uwe

HAMMIES VAN NIEKERK: SKOOLHOOF

Die Hoërskool Jan van Riebeeck wens u ‘n geseënde Kersfees en ‘n baie voorspoedige Nuwejaar toe.